e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

15 November 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 41

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad
- Aanhangsel

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Haelskade aan die Oos-Rand

Saterdag 20 Oktober 2012 net na 14:00 het 'n verwoestende haelstorm die Oos-Rand getref. Vyf minute later was dit verby – met net die vernietiging oor.

Amper soos die hael beskryf word in die gedig *Vrede-aand*:

Daar slaan die blits, daar dreun die donderweer.
Die hael, elk korrel as 'n kersiepit,
maak die Karooveld net soos marmer wit

Die tuine was ook marmerwit met blits en donderweer – met dié verskil: haelkorrels tot so groot soos tennis- en krieketballe.

Volgens News24 beloop die skade tussen R500 miljoen en R1 biljoen. Die gemeente en gemeenskap waarin hierdie gemeente werk, is baie swaar getref. 'n Vinnige opname onder 35 huisgesinne van die gemeente wys die verwoesting: 480 stukkende ruite, 32 motors beskadig, 18 dakke en afdakke flenters, geute, afvoerpype en baie ander skade. Die gekwoteerde herstelwerk aan die gemeentelike eiendom beloop byvoorbeeld R495 000.

Dit is egter die kliniese feite. Daaragter lê die verslaenheid, nood, skade, koue en ongerief. Na byna vier weke is baie van die skade nog nie herstel nie – die kontrakteurs is te besig om by almal uit te kom. Gauteng se bekende namiddagdonderbuie vra nie waar dakke al heel is nie – met elke reënbui drup alles van voor af nat.

Agter die kliniese feite lê nog 'n verhaal. 'n Verhaal van omgee, uitreik en medemenslikheid. Vreemdelinge wat inspring en mekaar help ruite toeplak. Straatbewoners wat help seile span op dakke om die elemente te probeer uithou. Te midde van die verwoesting klink soos 'n refrein die versreël uit Gesang 524: *Deur omgee en met uitreik, Heer, gaan ons blymoedig voort…*

So tien dae na die storm stuur iemand vir my 'n boodskap wat dalk vertel van die manier waarop die gemeenskap die storm hanteer het: *Was by my buurvrou. Hulle is ook maar moedeloos oor al die skade en die versekeringsmense wat so baie tyd het. Elke keer as dit reën, is die huis weer nat, maar in die tuin tussen al die platgeslane blomme het die mooiste rooi amarillis opgekom.*

Ja, ons is 'n getraumatiseerde gemeenskap, maar daar is hoop. Gemeente Primrose-Oos wil deel van daardie hoop bring. In die lig hiervan het die kerkraad besluit om 'n bystandfonds vir lidmate en inwoners van die gemeenskap te stig. Daar is talle gesinne wat nie die bybetaling vir die versekeringseise kan bekostig nie. Ander is weer glad nie teen stormskade verseker nie. Ons versoek is om voorbidding vir die gemeenskap en waar moontlik finansiële bydraes tot die fonds. Hou asseblief aan die een kant u hande gevou in gebed vir ons nood – en aan die ander kant, as u moontlik kan, gee asseblief met milde hande vir ons om te kan gee.

Betaal bydraes asseblief in die volgende rekening in: **Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; verwysing: 16RAMP + gemeentenaam (moenie NHK uitskryf nie).** Stuur bewys van betaling aan Sarie Roux, **kassier@nhk.co.za**; faks: 086 633 2913.

(Hierdie berig met enkele foto's verskyn ook in die Desember 2012-uitgawe van *Die Hervormer*)

Dr Wimpie van Schoor, Primrose-Oos

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Prop Cobus Jansen van Nieuwenhuizen

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

Beroep ontvang

- **Prop Cobus Jansen van Nieuwenhuizen** na Hartebeeshoek

Vakante standplaas

- **Gemeente Pretoria-Noord** beplan om eersdaags te beroep, en wag aansoeke in van predikante wat in **deeltydse** hoedanigheid in die gemeente kan werk en kan help dat die gemeente 'n **deelsorgstandplaas** kan onderhou. Die gemeente bestaan uit 242 belydende lidmate, waarvan die helfte bo 50 jaar oud is. Die omvang van verantwoordelikhede is onderhandelbaar in die lig van die beperkinge van die deeltydse standplaas. Inligting oor die gemeente en die versorgingspakket is beskikbaar op aanvraag. Navrae kan gerig word aan Erica du Toit by 012 546 6445, en CV's kan gestuur word na **nhkerk@4data.co.za**. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **31 Januarie 2013**.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed na **produksie@nhk.co.za**.

Twee omsendskrywes, naamlik (1) *Riglyne aan kerkrade teen die agtergrond van kerklike afskeiding* en (2) *Verklaring deur die Kommissie van die ADV met betrekking tot die onafhanklikheidsverklaring van gemeentes* is op Woensdag 14 November aan predikante, kerkrade en ringskommissies gestuur. Lidmate kan by hul predikant of konsulent meer inligting oor die inhoud daarvan bekom.

Prop Duwies en Sonja Duvenage

- **Prop Duwies Duvenage** is deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) hertoegelaat tot die bediening en tydens die Kommissievergadering as proponent van die Kerk gelegitimeer en beroepbaar gestel. Hy en sy vrou, Sonja, skakel tans aktief in by Gemeente Barberton.

Finalejaar Teologiestudente

- Die volgende ses finalejaar Teologiestudente is ook op 8 November **gelegitimeer** en **beroepbaar gestel**: Adriaan Benadie, Pierre Jacobs, Antionette Janse van Rensburg, Cobus Jansen van Nieuwenhuizen, Doret Müller en Leanie Oberholzer.

- 'n Oorkonde is deur mnr Chris Johnsen van CUM aan emerituspredikant **prof Jan Barkhuizen** oorhandig by die bekendstelling van CUM se Grieks-Afrikaanse Interliniêre Bybelvertaling. Dr Jan is een van die redakteurs van dié vertaling.

- **Oudl Jan Oberholzer** (Gemeente Pretoria) het bedank as lid van die Kommissie van die AKV. Die Kommissie het hul waardering uitgespreek vir sy lojale bydrae oor baie jare heen.

- Die Kommissie van die AKV het na deeglike oorweging van alle feite op 8 November besluit om **ds Johan Mouton** (Koster) kragtens Ordinansie 2.1.12.5 (i) met onmiddellike effek te onthef van alle ampsvoorregte.

- Die volgende verdere **besluite** is ook deur die Kommissie van die AKV geneem by hul vergadering op 8 en 9 November:

- **Ds Danie van der Watt** van Gemeente Montana se bedanking is in beginsel goedgekeur met ingang van 1 Februarie 2013.
- Alle **beroepafwagtende predikante** behou hul ampsvoorreg tot 31 Oktober 2013.
- Die **NHSV Hoofbestuur** se versoek om 10 Februarie 2013 op die kalender te plaas as geleentheid vir deurkollekte, is goedgekeur.
- **Gemeente Hendrina** se aansoek om hul standplaas te wysig na deelsorg-/ deeltydse bediening is goedgekeur.
- **Gemeente Komatipoort** se aansoek om hul standplaas te wysig na deeltydse bediening is goedgekeur.
- **Gemeente Culembeeck** se aansoek om hul standplaas te wysig na voltydse bediening is goedgekeur.
- **Gemeente Roedtan** se aansoek om gebruik te maak van **ds WP Prinsloo** se dienste as pastorale hulp vir een jaar is goedgekeur.
- Die **Bethlehem/Reitz-kombinasie** se aansoek om hul standplase te wysig na deeltydse bediening is goedgekeur. Die Kommissie het ingestem dat **ds Deirdre van der Merwe** vir ’n periode van 12 maande in die kombinasie werksaam kan wees.
- **Gemeente Durban-Suid** se aansoek om van die dienste van **prof Bieks Beukes** as pastorale hulp gebruik te maak vir die periode van 1 Oktober 2012 tot 30 September 2013 is goedgekeur.
- Die Kommissie bekragtig die werkooreenkoms wat **Gemeente Dullstroom** met emerituspredikant **ds Jan Prinsloo** gesluit het.

- Die lede van die **Eendrachtkring** word herinner aan hul byeenkoms op **Vrydag 23 November** om 10:00 vir 10:30 by die kerksentrum van Gemeente Montana. **Antwoord** asseblief op die laatste **teen Saterdag 17 November** by Johanna Steyn: 012 348 2932 of 082 7493071; of Hendrien Naudé: 018 290 9460 of 083 722 3653.

- Die **15de preekskets**, deur **ds Dries Beukes**, is op Woensdag 14 November aan predikante gestuur; dié preekskets handel oor 1 Petrus 5: 8-11. **Lidmate** kan gaan na **www.nhka.org** → So werk ons → Toerusting → In Christus se voetspore vir agtergrondinligting en ’n paar vrae oor die betrokke teksgedeeltes wat gesprek in die gemeente kan stimuleer.

- **Ds Thinus van Staden** is besig met verdere studie oor bediening in die Hervormde Kerk. Gemeentes wat tans **gesinsbediening** onderneem, word vriendelik versoek om hom te kontak by 084 589 7035 of **wysmydieson@gmail.com**.

- **Gemeente Selcourt** se nuwe e-posadres is **nhkselc@gmail.com**.

- Diakens, die NHSV en lidmate kan aan **Die Ondersteuningsraad** se **kospakkieprojek** deelneem. Kontak Judith by 012 325 2320 / 1 / 2 / 3 / 4 of **oraadpretoria@nhk.co.za** oor die inhoud en vir die inhandiging/afhaal van die produkte.

- **Van Rensburgtehuis** in Danville, Pretoria, versorg 113 **verswakte bejaardes en gestremde persone**, waarvan 46 persone Alzheimersiekte of ander demensie het. Kontak die tehuis by 012 386 5730 of 012 386 1201 as u op enige manier betrokke wil raak of enige bydrae wil lewer.

- SENTIK bied nou ’n hoeveelheid **Kerkbybels** aan teen **R140 elk** (posgeld uitgesluit), solank die voorraad hou. Vanaf 1 Januarie 2013 sal die Kerkbybel weer teen R200 (posgeld uitgesluit) verkoop word. Die Kerkbybel bevat die volledige Nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel (1983), die Liedboek in grootdruk, en die belydenisskrifte. Bestel van mev Susann van Zyl, 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of e-pos **sentik@nhk.co.za**.

- **Die Bybelgenootskap** se kantore en Bybelsentrum in **Kempton Park** verhuis eersdaags na ’n nuwe Bybelhuis te Anemoonweg 8, Glen Marais, Kempton Park. Die **Bybelsentrum sluit** gevolglik op Donderdag 22 November en **heropen** eers weer op Woensdag 28 November by die nuwe adres. Die telefoonnommer en posadres bly onveranderd.

- Die **Bybelgenootskap van Namibië** se finansiële boekjaar sluit op **31 Desember**. Gemeentes in die **ring van Dorsland** word vriendelik versoek om hul bydraes aan die Bybelgenootskap **teen einde Desember** oor te betaal. Die deurkollektes van Hervormingsondag (28 Oktober) moet asseblief saam met bogenoemde teen einde Desember oorbetaal word. Die bydraemikpunt soos vasgestel deur die AKV is R35 per belydende lidmaat. Die **bankbesonderhede** is soos volg: Bybelgenootskap van Namibië, Bank Windhoek, takkode 482172, rekening nommer 113 125 2201. Gemeentes moet hul **naam** (NH Windhoek) as verwysing gebruik wanneer oorbetalings gemaak word. Indien oorbetalings nie direk in die bankrekening van die Bybelgenootskap gedoen kan word nie, kan dit gepos word na Privaatsak 13294, Windhoek. Ds Barnie van der Walt kan by 061 235 090 of 081 127 1694 geskakel word indien daar enige navrae is, of stuur ’n e-pos na **gensec@nambible.org.na**.

- **Gemeente Stellenbosch** nooi alle voornemende (en huidige) Maties na hul **Aanvangskamp** van Saterdag 19 Januarie tot Dinsdag 22 Januarie 2013. Kamp saam en deel in al die pret en vrolikheid, maak nuwe vriende en dink op geestelike vlak saam oor dit wat wag. Kontak ds Chris le Roux by 082 905 0818 of **stellenbosch@nhk.co.za** vir verdere besonderhede.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir ’n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u ’n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@yahoo.com**.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Ogies: Feesnaweek 16-18 November**
  60-jaar-viering
  Vrydagaand 18:30 Mathys Roets – toegang gratis
  Saterdagaand 19:00 Kerssangdiens
  Sondag 09:30 Nagmaal
  Kontak ds Robby Pienaar by 083 457 5956
  of Ivan Enslin by 082 386 2500
  of Louwtjie Joubert by 082 492 3837

- **Gemeente Glencoe: Vrydag 7 Desember om 18:00**
  Buitediens op walle van die Wasbankrivier, distrik Glencoe,
  waar die Gelofte die eerste keer afgelê is
  Kliplegging na die diens
  Bring 'n klip van jou omgewing saam met die naam van jou gemeente
  Kontak ds Pieter Bester by 082 899 6564 / 034 212 1815
  pieterbester@telkomsa.net

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 23 November, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 15 November: Di Hannes Janse van Rensburg (Zuurfontein), Francois Labuschagne (emeritus) en Pieter Pretorius (emeritus)
  - Vrydag 16 November: Ds Casper du Plessis (Hennenman/ Odendaalsrus) en dr Wian Kloppers (Sinodaal)
  - Sondag 18 November: Dr Chris Viljoen (CSO)
  - Dinsdag 20 November: Prof Johan Buitendag (UP) en ds Cornie Pieterse (emeritus)
  - Woensdag 21 November: Prof Hennie van der Westhuizen (emeritus)
  - Donderdag 22 November: Dr Piet Boshoff (Vereeniging) en ds Lammert van Rooyen (Leeudoringstad/Makwassie)
  - Vrydag 23 November: Di Mariaan Beukes (Roossenekal/Stoffberg) en Henk Joubert (Welgelegen-Pietersburg)

Beplande vergaderings

- Donderdag 15 November: Komitee vir Bybelverspreiding
- Vrydag 16 November: Finkom van Die Ondersteuningsraad
- Dinsdag 20 November: Discovery-inligtingsessie
- Woensdag 21 November: Buitengewone Moderamenvergadering
- Donderdag 22 November: Die Ondersteuningsraad – Bestuursvergadering en Jaareindfunksie
- Vrydag 23 November: Sinodale Kerkkantoor – Jaareindfunksie (Let asseblief daarop dat die **Sinodale Kerkkantoor** dus op Vrydag 23 November **gesluit** sal wees.)

Beskikbare behuising

- **Ons Tuis (Riviera)**
  Tehuis vir versorging van verswakte bejaardes
  Volledige versorgingsfasiliteit wat insluit:
  - 24-uur mediese versorging
  - 3 maaltye per dag
  - Sekuriteit
  - Gereelde sosiale aktiwiteite

  Vir meer besonderhede, skakel matrone E Mans by 012 329 3623
  Aansoekvorms kan afgetrek word van **www.otmt.org**
  of kontak H Fourie by 012 325 1857 om aansoekvorms te stuur

Konserte en feeste

- **Sondag 18 November 15:00 tot 17:00: Gemeente Johannesburg-Wes**
  Katedraal – orreluitvoering wat vol sale by KKNK getrek het
  Ockie Vermeulen, befaamde orrelis en kurator van UNISA se orrel
  Ander gaskunstenaars
  Tenbystraat-Suid 15A, Westdene, Johannesburg
  R100 per persoon
  Kontak Johann by 011 888 9190 of 082 628 6077

- **Saterdag 1 Desember: Gemeentes Randfontein Midpark en Carletonville**
  Gesamentlike musiekfees met Adam Tas, Gerhard Steyn en Hennie Jacobs
  R100 per persoon
  Jan Viljoen-sportgronde
  Hekke open 16:00 vir 18:00
  Kontak Belinda Nigrini by 079 068 8739 of Hester Esterhuizen by 083 592 4358
  Kaartjies ook by **www.iticket.co.za**

Kampe en toere

- **Vrouekamp 2013**
  Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Sprekers ds Janine Bevolo-Manders en ds Marna Naudé
  R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)
  Kontak Jana Peenze by 083 7345 426 of **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 of **stef1@absamail.co.za**

Sportbyeenkomste

- **Vrydag 23 November: Gemeente Vaalpark: Gholfdag**
  12de jaar!
  Emfuleni-gholfbaan, Vanderbijlpark
  R1 400 per 4-bal (sluit in baanfooie en aandete)

Spelers wat onder die eerste 30 eindig (hoogste punte), kwalifiseer vir ’n prys
Kontak Danie le Roux by 082 816 8453 of Johann Hugo by 082 920 9455

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Brits: Boufondsversoek**
  Dra by tot die gemeente se boufonds
  SMS **KERK** na **48716** en dra R10 by
  Fondse word gebruik om die geboue te herstel
  Meer as een SMS is baie welkom
  Navrae aan ds Kobus Celliers by 012 252 0158

- **Gemeente Hartebeeshoek: Fotokompetisie**
  Tyd om kameras op te neem en te begin soek na *VOETE* en/of *SKOENE*
  Tema: *In sy voetspore*
  Reëls en voorwaardes geld
  Goeie pryse met professionele beoordeling
  Kontak Theresa Oosthuizen by **theresa@northernfoods.co.za**

- ***Die Christelike Vrou*: Fotokompetisie**
  Oupas, oumas en kleinkinders
  Fokus op interaksie tussen generasies
  Slegs elektroniese inskrywings, geen inskrywingsfooi
  Stuur elke foto apart na **DieChristelikeVrou@gmail.com**
  Noem fotograaf se naam, alle kontakbesonderhede, inligting oor foto
  Kontak ds Hannelie Botha by 082 923 9439 of **hbotha@bvm.gov.za**

Basaars en markte

- **Saterdag 24 November: Gemeente Warmbad: NHSV Kersmark**
  By die kerksaal van 08:00 tot 11:00
  Boere-ontbyt, koek- en kothuisstalletjies
  Vars groente en boerewors
  Vir meer besonderhede kontak Suzi van Dyk by 083 310 4943
  of **thysan@telkomsa.net**

- **Vrydag 30 November en Saterdag 1 Desember: Gemeente Sionspoort Kersmark en Basaar**
  Hoëkwaliteit handgemaakte geskenke, kosstalletjies en vermaak
  Die diakonie trakteer die gemeenskap se minderbevoorregte kinders
  Musiek deur Magnus Beukes, David Fourie en baie ander
  Feesnaweek word afgesluit met optrede deur Corlea Botha en die gemeentekoor tydens Kerssangdiens op Sondag 2 Desember om 19:00

Kontak Johan by 082 464 1547 of besoek Sionspoort op *facebook* of by **www.sionspoort.org**

- **Saterdag 1 Desember: Gemeente Rustenburg: Gesinsmark**
  09:00 tot 15:00
  By tweede kerkterrein te Rhenosterfontein, buite Rustenburg
  Slegs handgemaakte produkte, vars produkte uit die grond
  en items wat Trots Suid-Afrikaans is
  Gaskunstenaars, aktiwiteite en stalletjies wat kinders betrek
  Nog enkele stalletjies beskikbaar
  Vir meer besonderhede, kontak Mari by 084 208 7445

- **Saterdag 1 Desember: Gemeente Ventersdorp: Minibasaar**
  09:00 tot 14:00
  Baie vleis vir die Kersvakansie
  Veel te eet en drink
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245
  of ds Marius Jansen van Vuren by 072 850 4960 of 018 264 2236

- **Vrydag 1 en Saterdag 2 Februarie 2013: Gemeente Nelspruit**
  Maroela-karnaval 2013
  Vrydag 14:00 tot 22:00
  Saterdag 08:00 tot 22:00
  Terrein van Hoërskool Bergvlam, Nelspruit
  R50 per persoon (vir een of albei dae, kinders onder 12 gratis)
  Navrae en kaartjies: 013 741 1455

ANDER NUUS

- 'n Graad 6-leerder van die **Prinshofskool vir Gesiggestremdes** (een van die **TOIBO-skole**), **Adeife Adeniran**, het 'n storie geskryf op haar Perkins-brailler. Haar boek is op 6 November bekendgestel (in braille en gewone skrif). In haar toespraak het sy onder andere gesê: *We are not disabled, only differently abled.* Dit is 'n besondere prestasie en sy wys daarmee dat 'n gestremdheid jou nie hoef te weerhou om te presteer nie – 'n aansporing vir ons almal!

- **Transoranje-skool vir Dowes: Kersmark**
  23 November tot 2 Desember
  Tshwane Events Centre, Saal L, ingang hek P8 in Kerkstraat
  Gratis toegang, kaartfasiliteite, 300 uitstallers, teetuin
  Fondse ten bate van die kind met doofheid
  Navrae aan 012 386 6072 / 5

- **Beeld-Kinderfonds: KERSKONSERT**
  Woensdag 28 November
  Moreletapark-gemeente
  Juanita du Plessis, Manie Jackson, Joe Niemand, Nadine en ander
  Kaartjies R75, R100 en R150
  Bespreek by **iTickets.co.za** of per telefoon by 086 100 0291
  Ete vooraf teen R115 – bespreek by info@beeldkinderfonds.co.za
  of 073 749 2697

- **STEEDS BESKIKBAAR!**
  Vakatures vir onderwysposte
  Privaatskool met 210 leerlinge
  100 km noord vanaf Polokwane, Alldays-rigting
  1. Onderwyser in Engels (Tweede Taal) grade 8-12
  2. Onderwyser in Wiskunde
     Basiese onderwyskwalifikasies – Wiskunde vir graad 12

Aanvangsdatum: Januarie 2013

Posvereistes:

- Erkende onderwyskwalifikasie noodsaaklik; matriekondervinding sal voordeel wees
- Bewese ondervinding in aanbieding van die vakke
- Beginselvaste, belydende lidmaat van een van dié 4 Kerke: Hervormd, Gereformeerd, NG, APK
- Getuigskrif van predikant
- Onderrig in Afrikaans

Verblyfeenhede op perseel vir gebruik van personeel
Wanneer alle eenhede vol is, sal ander verblyf gereël word
Stuur CV en getuigskrif van predikant na **global@workforceworldwide.com**
Navrae aan Janet Lourens van Workforce Worldwide by 011 532 0000

Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

Adverteerders moet asseblief daarvan kennis neem dat die **laaste uitgawe van die *e-Hervormer* vanjaar op Donderdag 29 November** verskyn, en die **eerste uitgawe van 2013 op Donderdag 17 Januarie**.

AGTERBLAD

Die pad vorentoe vir die NHSV

Die NHSV se streeksbyeenkomste vir 2012 is agter die rug, en dit was weer eens duidelik dat vroue dinge net eenvoudig vanuit 'n ander perspektief benader. Vroue laat hulle nie onderkry nie! Maar dit is ook so dat daar baie vrae rondom die woelinge in die NHKA en die NHSV se standpunt rakende dié sake is.

Dit is opvallend dat die werksaamhede van die NHSV onverpoosd voortgaan. Oral waar die vroue in die Kerk hulle bevind, daar werk hulle, reik hulle uit na ander en is hulle diensbaar. Deur die jare was dit ook nie anders nie – dit was die vroue in die gemeentes, die Dorkasvereniging en die Sustersbond, wat die nood in die depressiejare aangepak het. Naas armsorg, het die werksaamhede van hierdie vroue uitgebrei na die insameling van fondse vir kerkgeboue, orrels, matte, ensovoorts, en was die vroue die stukrag agter liefdadigheidswerk in die Kerk.

Ook nou, in hierdie onseker tyd waarin daar groot konflik in die Kerk is, is die vroue steeds besig om barmhartigheidsdiens te lewer. Die NHSV is ook 'n baie sterk bindingsfaktor in die Kerk, ten spyte daarvan dat daar meningsverskille oor sekere kerklike aspekte is. Die NHSV kon nog steeds daarin slaag om, te midde van verskille, mekaar se hande te vat en 'n verskil te maak in die leefwêreld waarin ons ons bevind.

Die NHSV gaan dus funksioneer soos nog altyd: troos bring waar hartseer en seer hoogty vier, liefde in 'n liefdelose wêreld bring, uitreik na ander en hul lewens aanraak, van hulself gee en uit dankbaarheid teenoor God dien. Ten spyte van meningsverskille, dien die vrouens saam in die NHSV se dag- en hoofbestuur, werk ons saam in die tehuise se besture, en pak ons saam projekte in die Kerk aan.

Dit raak egter problematies wanneer gemeentes hulleself losmaak van die NHKA en dan onafhanklik funksioneer. Indien die Kommissie van die AKV sou besluit dat sodanige gemeentes nie meer funksioneer as Nederduitsch Hervormde gemeentes nie, onderwerp die NHSV Hoofbestuur haar aan so 'n besluit.

Aangesien die NHSV egter nie hierdie vroue en hul dienswerk wil verloor nie, word daar steeds na hulle uitgereik en kan hulle steeds, indien hulle dit verkies, betrokke wees by dienswerk. Dit kan dus gebeur dat sulke dames in tehuisbesture gekoöpteer word, sodat hul insette nie verlore gaan nie. Sulke damesaksies kan dus vrywillig betrokke raak by die barmhartigheidsdiens van die NHSV. Hierdie werkswyse is op die dagbestuur van die NHSV Hoofbestuur geformuleer en ook so aan die Kommissie van die AKV deurgegee.

Dit sal werklik 'n blye dag wees indien ons, te midde van verskille, hande kan vat en die pad vorentoe weer SAAM kan aandurf – in geloof en dankbaarheid. Mag ons die genade ontvang om saam ook hierdie storm in die Kerk die hoof te bied. Mag God ons daartoe genadig wees!

NHSV Hoofbestuur, 14 November 2012

Die **Sinodale Kerkkantoor sluit** op Vrydag 21 Desember om 12:00,
en **heropen** op Donderdag 3 Januarie 2013.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die Universiteit van Pretoria se verbintenis tot kwaliteit maak ons een van die top navorsingsuniversiteite in die land en gee ons 'n mededingende voordeel in internasionale wetenskap- en tegnologie-ontwikkeling.

In navolging van die ideale van uitnemendheid en diversiteit, word aansoeke vir die volgende pos ingewag:

FAKULTEIT TEOLOGIE

DEPARTEMENT DOGMATIEK EN CHRISTELIKE ETIEK

SENIOR LEKTOR/MEDEPROFESSOR/PROFESSOR

(EEN POS) (Verw. 20979)

Hiermee word bekend gemaak dat 'n permanent-voltydse vakature ontstaan het in die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

Die pos moet ingevolge 'n ooreenkoms tussen die Universiteit van Pretoria en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) deur 'n predikant van hierdie Kerk gevul word.

Pligte: Die bekleër se primêre verantwoordelikhede sluit die volgende in, maar is nie beperk nie, tot: •Voor- en nagraadse onderrig in Dogmatiek en Christelike Etiek •Die nakom van navorsingsverpligtinge en -take soos vasgestel deur die Fakulteit Teologie •Betrokkenheid by komitees van die Fakulteit Teologie sowel as werksaamhede van die Departement.

Minimum vereistes: Die minimum kwalifikasie vir alle vlakke van aanstelling is 'n doktorsgraad in Dogmatiek en Christelike Etiek, of minstens in 'n gevorderde stadium van die voltooiing daarvan. Die posvlak sal bepaal word na aanleiding van die kandidaat se professionele portefeulje. Die volgende standaarde is 'n aanduiding tot 'n bepaalde posvlak: **Senior Lektor:** •Bewese belangstelling in Dogmatiek en Christelike Etiek (wat duidelik blyk uit die onderwerp van die proefskrif en ander wetenskaplike publikasies) •Suksesvolle studieleiding van nagraadse studente. **Medeprofessor:** •Ten minste drie jaar onderrigondervinding/betrokkenheid by 'n tersiêre instansie •'n Bewese navorsingsrekord van akademiese publikasies in Dogmatiek en Christelike Etiek •Nasionale erkenning as 'n gevestigde akademikus •Suksesvolle studieleiding van nagraadse studente tot op doktorale vlak. **Professor:** •Ten minste vyf jaar onderrigondervinding/betrokkenheid by 'n tersiêre instansie •Gepubliseerde navorsing en eweknie-beoordeelde publikasies in nasionaal en internasionaal geakkrediteerde tydskrifte •Internasionale erkenning as 'n gevestigde akademikus •Suksesvolle studieleiding van nagraadse studente op magister en doktorale vlak.

Navrae: Prof J Buitendag, tel. (012) 420 2322.

Aansoekers word versoek om die elektroniese aansoek te voltooi deur die Careers@UP-skakel te volg op die UP-webwerf: www.up.ac.za

Aansoekers word versoek om die volgende dokumentasie ter stawing van hulle aansoeke te verskaf:
•'n Omvattende CV op UP formaat •gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies •die name, e-posadresse en telefoonbesonderhede van drie referente wat ons mag kontak •die name en kontakbesonderhede van eweknie beoordelaars (akademie en navorsing) •selfevaluering..

SLUITINGSDATUM: 15 Desember 2012.

Geen aansoek sal oorweeg word as dit na die sluitingsdatum ontvang word nie, of as dit nie ten minste aan die minimum posvereistes voldoen nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Denkleiers • Leading Minds • Dikgopolo tša Dihlalefi

www.up.ac.za skakel: Careers@UP

Die Universiteit van Pretoria is verbind tot gelykheid, billike diensbetrekkinge en diversiteit. Alle kandidate wat voldoen aan die aanstellingsvereistes word uitgenooi om aansoek te doen. Ooreenkomstig die Gelyke Indiensnemingsplan van die Universiteit en die doelwitte en teikens wat daarin vervat is, mag voorkeur verleen word aan kandidate uit onderverteenwoordigde aangewese groepe, maar word nie tot sulke kandidate beperk nie. Die Universiteit van Pretoria behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer te maak nie.